LIDMAATSKAP EN REELS JAN VAN RIEBEECK BUSDIENS

Kontak besonderhede: Mr Dewald Lombard 0732650834; Theresa Lombard 0832444312
Administrator: Dewald Lombard e-mail dewald@edurides.co.za : Administratiewe Assistant en Koördineerder:Theresa Lombard email: theresa@edurides.co.za

Doelstelling

Die doelstelling van die JVR Busdiens is om 'n "handskoenpas" vervoerdiens aan leerders van Hoërskool Jan van Riebeeck te bied wat beteken; soggens skool toe, smiddae huistoe asook laatbus vir na-middag sportaktiwiteite. Die diens aan te bied om aan te pas by die behoeftes en riglyne soos bepaal deur die skool se bestuur en aktiwiteite deur die skooljaar. Die diens aan te bied op die mees bekostigbare wyse vir die ouerkorps sonder winsdbejag in oorlegging met die finansiele departement van die skool.Die diens veilig en betroubaar op tyd te lewer

Hiermee word aansoek gedoen tot lidmaatskap van die JVR Busdiens vir die 2025 akademiese skooljaar soos bepaal deur die WKOD.

Lidmaatskap 2025

Lidmaaskap is:

- slegs beskikbaar vir die **volle** 2025 skool jaar en word nie outomaties oorgedra vanaf 2024 of oorgedra na 2026 nie.
- Slegs beskikbaar vir ouers/voogde en leerders van die skool
- Sal nie goedgekeur word aan ouers/voogde indien daar enige uitstaande fooie van vorige jare verskuldig is nie.

Beindiging van Lidmaatskap:

- Kan beëindig word indien enige betaalbare en verskuldigde fooie vir 'n tydperk langer as 7(sewe) dae verskuldig bly
- Indien 'n leerder hom/haar skuldig maak aan ernstige wangedrag en oortreding van die bus reëls en na oorleg met die dissiplinêre skoolbestuurspan deur die administrateur
- Beëindiging deur die lid self; deur middel van 'n skriftelike kennisgewing van 1volle (een) kwartaal. Begroting en beplanning word opgestel gebasseer op lede getalle per roete en kan die busdiens nie koste effektief gelewer word op 'n maand grondslag nie. Lidmaatskap is slegs vir 'n volle skooljaar beskikbaar.
- **MATRIEKS:** Daar word besef dat sommige matrieks bestuurder lisensies verkry aan die einde van hulle skooljaar en die laaste semester ander vervoer reëlings wil tref. Hou in gedagte dat gedurende die skoolloopbaan elke matriekklas voor die betrokke matriek leerder ook 'n volle jaar lidmaatskap moes aangaan. Matriek leerders moet om billikheid aan mede lede dus 2 kwartale kennis gee.

JVR Busdiens:

- Vervoer van leerders word gelewer vir 201 skooldae ooreenkomstig skoolkwartale soos vasgestel deur die WKOD vir 2025.
- Daagliks word leerder op tye en roetes vervoer soos vooraf bepaal in oorleg met die bestuur van die skool en deurgegee na ouers.
- Leerders word daagliks van en na die skool vervoer in die oggend, middag na skool of laat sportbus.
- Verdere rite word onderneem per toegewing en soos ooreengekom op AdHoc basis met die bestuur van die skool en waar dit redelikerwys moontlik is.
- Jaarlikse fooi kan aangepas word by ooreenkoms na kennisgweing van 30 dae in uitsonderlike veranderde omstandighede en met oorleg van die finansiele bestuur van die skool.

Aansoek om lidmaatskap lid en leerderbesonderhede 2025

(Persoonlike iInligting soos voltooi in die elektroniese aansoek vorm deel van hierdie ooreenkoms)

Jaarlikse Busfooi 2025

Jaarlikse busfooi: R15 408-00; betaalbaar as volg: Een vol betaling van R15 408-5% = R14 638 (5% afslag indien volbetaal) Kwartaalikse 4x R3852-00
12 Maandelikse betalings EN 'n DEPOSITO op die volgende datums:

DEPOSITO R650 saam met U aansoek om lidmaatskap voor of op **19 Desember 2024**, en daarna 12 betalings van R634-00 op 6 Jan 2025; Daarvandaan maandeliks R1284 vanaf 31 Jan 2025; 28 Feb 2025; 31 Maart 2025; 30 April 2025; 31 Mei 2025; 30 Jun 2025; 31 Julie 2025; 31 Aug 2025; 30 Sept 2025; 31 Okt 2025; 28 Nov 2025

Betaling via EFT

.

***Bank besonderhede*: JVR Busdiens , Capitec, Rek no. 1613322443**
gebruik "LEERDER VOORNAAM EN VAN" AS VERWYSING, *e.g. – WES Cara Fourie*

Fooie is vooruitbetaalbaar soos aangedui op die aansoekvorm. Uitstaande fooie sal oorhandig word vir skuldinvordering.

JAN VAN RIEBEECK BUSREELS

Lede en Leerders bevestig met ondertekening van hierdie ooreenkoms dat die betrokke leerder hom/haarself verbind aan die gedragsreëls op en tydens enige rit van die busdiens.. Verbreking van die gedragreëls kan lei tot opskorting van lidmaatskap.

Volgende gedrag word verbied :

- Ontgroening/Intimidasie van enige mede leerder op enige bus
- Enige inmenging met die busbestuurder tydens ‘’n rit.
- Oproerige gedrag wat die aandag van die busbestuurder mag aflei.
- Enige optrede wat skade aan die betrokke bus kan veroorsaak.
- Onnodige rondloop en rondbeweeg wanneer die bus in beweging is.
- Geen liggaamsdeel mag by ‘n venster uithang/uitsteek terwyl die bus in beweging is nie.
- Reservering van sitplekke
- Rook of Vaping op enige bus.
- Kru taal of “verbal abuse”.
- In besit van enige gevaarlike wapen/vuurwapen..
- Gooi van enige artikel vanuit die bus.
- Inmenging met enige persoon , busprefek of onderwyser wat aangestel is op die bus in die uitvoering van sy/haar pligte.

Verder moet:

- Busprefekte se wettige opdragte gehoorsaam word.

Ek/ons, die ondergetekende bevestig hiermee en stem in tot die voorwaardes en beskou dit as bindend. Alle inligting verskaf is na my beste wete korrek. Ek stem hiermee toe dat my kind/kinders van nie-munisipale stoppe gebruik mag maak soos ooreengekom met die Jan van Riebeeck busdiens. Ek bevestig en kom ooreen om die fooie soos hierbo uiteengesit te betaal.

Aldus hiermee geteken en gedoen te ..... op .....

Ouer/wettige voog. Volle Naam en Van……Handtekening……

Leerder/s name/……Handtekening/e……